DIE VOORTREKKERS

LOOPBAANPLAN GOEDGEKEUR DEUR HOOFBESTUUR SEPTEMBER 2010

1. Inleiding

Waarom sal jy Die Voortrekkers vandag nog wil ondersteun?

Omdat Die Voortrekkers ‘n unieke plan vir jou, oud en jonk, het wat oor jare uitgewerk, bygewerk en gevestig is!

Die Voortrekkers se loopbaanplan is uniek en deur jare se ondervinding saamgevoeg tot ‘n unieke konsep tot voordeel van die jeug en volwassenes wat hulleself met Die Voortrekkers assosieer.

Uniek in drie opsigte:

a) Die spanstelsel – jeug en volwassene wat saamwerk
b) Begronding - Die Voortrekkers se unieke waardestelsel
c) Voortrekkerwerk - Graadwielwerk en Spesialisasies gebou op die waardestelsel maar steeds vol avontuur en soepelheid.

2. Spanstelsel

Met hierdie unieke werkmetode van Die Voortrekkers, Voortrekkerspanne, word ‘n besondere band oor jare tussen die volwassene en die jeug gevorm. Die spanoffisier se liefde vir die Afrikanerjeug en die dryf om dmv avontuurlike Voortrekkeraktiwiteite Die Voortrekkers se waardestelsel suksesvol by die jeug te vestig, maak die beweging so suksesvol oor al die jare. Dit is juis hierdie positiewe insette in ‘n jongmens se lewe wat verseker dat die gemeenskap ruim en groothartig Die Voortrekkers deur al die jare met raad en daad ondersteun. Dit plaas ook ‘n groot verantwoordelikheid op die volwassene om deurgaans moeite te doen om met alle hulpmiddels tot sy beskikking om Voortrekkerwerk tot die beste van sy vermoë, kennis en vaardigheid vir die jeug aan te bied. Dit verg egter ook volgehoue deursettingsvermoë van jeuglede en hulle ouers om gereeld byeenkomste by te woon en met ‘n positiewe ingesteldheid daaraan deel te neem.

3. Begronding in Die Voortrekkers se waardestelsel

3.1 Fondament waarop Die Voortrekkers bou (Grondslag)

In die eerste plek stel Die Voortrekkers hulleself ten doel om lede van die beweging tot ‘n vaste geloof in God drie-enig te lei. Deur die waarhede van die Bybel as rigsnoer te gebruik in alles wat ons aanpak en Voortrekkers soveel as moontlik in die skepping (natuur) met aktiwiteite besig te hou word God as skepper en onderhouer van hemel en aarde die beste leer ken. Hierdie fondament deel ons ook wêreldwyd met die protestantse kerke (Art 1 en 2 van Ned geloofsbelydenis)

3.2 Drie spesifieke waardes (Wese)

Met die fondament wat deurlopend gevestig word sal Die Voortrekkers met al die verskillende aktiwiteite drie waardes deurlopend wil ontwikkel by al sy lede:

a) Konsekwente uitleef van sy Christelike waardes – Konsekwente Christenskap - C
b) Beleef Afrikanerwees in ‘n moderne en byderwetse manier – Moderne Afrikanerskap - A
c) Vestig ‘n positiewe gesindheid teenoor die land en al sy mense – Positiewe Burgerskap – B

Die drie letters word saamgevoeg in die akromien wat ons deurlopend beklemtoon – Ons is ABC mense!

Daarom verklaar Die Voortrekkers onomwonde dat ons ‘n beduidende rol sal speel in die bemagtiging van jong Afrikaners, om as oortuigde Afrikaners, Burgers en Christene suksesvol te wees. (Toekomsvisie 2020)

3.3 Tien beginsels (Voortrekkerkode)

Die Voortrekkers het op die fondament en drie waardes 10 lewensbeginsels geformuleer wat ons by ons lede sal vestig deur al ons aktiwiteite.

Konsekwente Christenskap

1. ‘n Voortrekker glo in die Drie-enige God en dien Hom.
2. ‘n Voortrekker lei ‘n Christelike lewe.
3. ‘n Voortrekker aanvaar gesag.

Moderne Afrikanerskap

4. ‘n Voortrekker respekteer en bevorder die taal en kultuur van die Afrikaner.
5. ’n Voortrekker leer uit die geskiedenis van sy volk en bou die toekoms daarop.

Positiewe Burgerskap

6. ‘n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
7. ‘n Voortrekker is ‘n goeie landsburger.
8. ‘n Voortrekker neem leiding.
9. ‘n Voortrekker is oplettend en weerbaar.
10. ‘n Voortrekker is diensgerig en diensvaardig.

3.4 Beloftes

Ten einde elke Voortrekker saam te bind in die bevordering van hierdie grondbeginsels wat ons by ons lede deur ons aktiwiteite wil vestig sal elke nuwe lid ‘n belofte na die aard van sy ouderdom en betrokkenheid aflê:

Penkop en Drawwertjie: *Ek sal oral en altyd probeer om ‘n Voortrekker te wees, om gehoorsaam te wees, om my volk, my land en my medemens te dien en bo alles die Here lief te hê.*

Verkenner: *Op my eer beloof ek dat ek sal strewe om God te eer, om my volk, my land en my medemens te dien en om die Voortrekkerkode na te leef.*

Staatmaker: *Ek beloof dat ek sal strewe om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens. Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag en wese van Die Voortrekkers en onderneem om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.*

Offisier: *Ek beloof dat ek sal strewe om te volhard in diens aan die Drie-enige God, my volk, my land en my medemens. Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, die wese en die doelstellings van Die Voortrekkers en onderneem om dit aan die jeug oor te dra.*

Heemraadslid: *Ek vereenselwig my met en onderskryf die grondslag, die wese en die doelstellings van Die Voortrekkers. Ek beloof om alles in my vermoë te doen om Die Voortrekkers in my omgewing met raad en daad te ondersteun en om die doelstellings van Die Voortrekkers te bevorder.*

4. Voortrekkerwerk - metode van aanbieding

4.1 Spanwerk

In spanvergaderings, met uitstappies en kampe, fondsinsameling en gemeenskaps-projekte word Voortrekkerwerk aan die jeug oorgedra. Dit is die mees elementêre boublok wat suksesvol lei tot meer Voortrekkeraktiwiteite en betrokkenheid. Jeuglede moet die byeenkomste getrou bywoon met ‘n bereidwilligheid om by Die Voortrekkers te leer.

4.2 Kommando en Oord aktiwiteite

Tydens hierdie aktiwiteite word geleentheid gebied om oor die volle ouderdom spektrum met mekaar skouers te skuur en mekaar te leer ken. Dit is ook ‘n goeie plek waar jonger lede rolmodelle kan identifiseer en juis hier moet senior leiers daardie voorbeeld stel.

4.3 Gebiedskampe en ander gebiedsaktiwiteite

Elke Voortrekker sal met hierdie groot kampe ervaar hoe hy/sy in persoonlike self-standigheid en positiewe motivering groei tot ‘n mens wat vir die volle gemeenskap tot diens kan wees. Tydens hierdie groot geleenthede word daar juis oor ‘n langer periode intens met mekaar geskakel en lewenslange netwerke gevorm.

4.5 Nasionale geleenthede

Die unieke geleentheid om met jeug en volwasse lede regoor Suid-Afrika en Namibië met nasionale geleenthede te skakel binne die unieke ABC waardestelsel bind Voortrekkers aan mekaar en spoor mekaar aan tot beter diens. Om te weet dat daar ‘n groot familie is wat dieselfde waardestelsel onderhou, word ‘n gevoel van “behoort aan” en “uithou, aanhou, koershou” ter wille van ons almal by lede hersien en herbevestig vir volgehoue implementering.

5. Voortrekkerwerk - aktiwiteite vir elke groepering

5.1 Penkoppe en Drawwertjies

Vir Penkoppe en Drawwertjies word aktiwiteite deur Die Voortrekkers aangebied aan die hand van ‘n Graadwielboek vir elke jaar. Hierdie graadwielwerk vestig die grond-beginsels van Die Voortrekkers asook die kennis en vaardighede wat in die jaar by die kind van die betrokke ouderdom gevestig moet word. Verder sal die span, volgens die unieke aard van die span, aan ‘n aantal spesialisasies van eie keuse werk. Onder leiding van die spanoffisier sal ‘n aantal ander aktiwiteite aangepak word ten einde aan die beginsels wat ons by die jeug wil inskerp op ‘n paslike wyse aandag gegee.

4.2 Verkenners

Vir Verkenners word aktiwiteite deur Die Voortrekkers aangebied aan die hand van die Verkennerlewe. Hierdie handleiding word deur die loop van 5 jaar hanteer en tesame met Spesialiasies volgens behoefte van die span aangebied. Ook hier sal die spanoffisier in oorleg met die spanlede en ouers ander aktiwiteite aanbied wat by die ouderdomsgroep en aard van spanlede en spanoffisier pas. Aktiwiteite op gebiedsvlak en nasionale vlak neem toe en vestig dit uiteraard ‘n positiewe karakter by jeuglede.

5.3 Staatmakers

Elke Staatmaker aanvaar sy rol as medium tussen die jeug en ouer volwasse lede. Dit gee aan Die Voortrekkers juis die unieke geleentheid om die groep jonger volwassenes in ons loopbaanplan te betrek. Die Staatmaker word geleentheid gebied om homself vir ‘n beroep te bekwaam maar ook in ‘n natuurlike portuurgroep lewenswaarhede te ontdek en sy eie te maak en lewensbeginsels verder te vestig. Binne die Staatmaker-groep sal Staatmakers ‘n veilige omgewing vind om verdere lewenskennis op te doen en praktiese vaardighede te bemeester maar ook sy oriëntering teenoor die lewe te moduleer. Die vele geleenthede om direk met die jeug te werk skep ‘n diens ingesteldheid en bevorder effektiewe kommunikasie tussen die jeug en ouer volwasse

lede. Die Staatmakers sal die ouderdom van Staatmakers in ag neem – jong Staatmakers vir opleiding, middel ouderdom vir bestuur en ouer ouderdom vir rolmodelle. Met die hulp van die Staatmakerhandleiding word aktiwiteite vir die Staatmakergroep beplan.

5.4 Offisiere

Die liefde vir die Afrikanerjeug en die natuurlike dryf om die jeug te bemagtig om suksesvol te wees maak spanoffisiere suksesvol. ‘n Goeie spanoffisier sal ruim van die vele opleidingsgeleenthede wat Die Voortrekkers aanbied, gebruik maak ten einde beter spanoffisiere te wees. Aan die hand van die Prospektus vir Volwasse opleiding kan elke offisier kursusse beplan wat sy kennis en vaardighede inskerp en sy lewenservaring verryk. Met die kennis, vaardighede en persoonlike motivering wat tydens kursusse opgedoen word, sal spanne in die aanbieding van Voortrekkerwerk beter begelei kan word. Die loopbaanplan van ‘n offisier sal dus altyd wees van indiensopleiding en dienslewering aan Die Voortrekkers in Voortrekkerspanne en op bestuursvlak. Die wonder van Die Voortrekkers is egter juis dat hoe meer jy gee, hoe meer ontvang jy. Nuwe spanoffisiere en offisiere wat in nuwe leierskapsrolle gebruik word moet van ‘n mentor voorsien word deur die betrokke dagbestuur waarin die persoon gebruik gaan word.

5.5 Heemraadslede

Meestal is Heemraadslede die ouers wat met raad en daad die aktiwiteite van Die Voortrekkers wil ondersteun. Uiteraard is al die opleidingsgeleenthede wat Die Voortrekkers aanbied ook tot hulle beskikking ten einde beter op hoogte te wees van dit wat Die Voortrekkers eintlik kan aanbied. Die invloed wat hulle ook in die gemeenskap het maak hulle ‘n waardevolle instrument vir Die Voortrekkers ten einde effektiewe en deurlopende kommunikasie met gemeenskapsleiers te bevorder.

5.6 Jeugvriende

Vir daardie volwassenes wat weens redes nie deurlopend aan die aktiwiteite kan deelneem nie, is daar ruim geleentheid om as Jeugvriend betrokke te wees. Die beskikbaarstelling van kennis, fasiliteite, finansies ensomeer ten einde die werk van Die Voortrekkers te verbeter is noodsaaklik. Die plan om volwassenes op hierdie wyse te betrek, is op verskeie plekke met groot sukses uitgevoer en wens ons meer volwassenes wil deel van hierdie loopbaanplan word. Stel jou gawes en talente tot beskikking van Die Voortrekkers en ervaar persoonlik groei.

5. Is die wyse van en inhoud van Die Voortrekkers se aanbieding van Voortrekker-werk (loopbaanplan) nog tot voordeel vir die jeug sowel as volwasse lid?

Ten einde die vraag te beantwoord is ‘n paar bronne beoordeel en sou Die Voortrekkers die antwoord daarop duidelik aan ouers, skole en ander gemeenskapsleiers kon kommunikeer.

6.1 Opleidingsinstansies

Die Voortrekkers se unieke loopbaanplan vestig ‘n baie natuurlike leerproses by elke Voortrekker wat in alle opleidingsinstansies met moeite bereik word. Deurlopend word meer kennis opgedoen (knowledge) tydens aanbieding van graadwielwerk en doen van spesialisasies. Maar meer nog, in die kleingroepe word ruim geleentheid gebied om al die vaardighede ook prakties te bemeester (skills). Met die unieke wisselwerking tussen jeug en volwassene word daar effektief gebou aan ‘n positiewe ingesteldheid, respek en persoonlike motivering teenoor mense van verskillende ouderdom, intelligensie, welvaart ensomeer (attitude). Alle volwasse kursusse word ook deurlopend met hierdie drie boustene as basis aangebied.

6.2 40 ontwikkelingsbates deur Search Institute

Met ‘n ondersoek deur Search Institute in Amerika is 20 eksterne en 20 interne bates wat in die jeug ontwikkel moet word ten einde ‘n beter langtermyn uitkoms vir die kind in

sy lewe as volwassene daar te stel, bepaal. As Die Voortrekkers se aanbieding van Voortrekkeraktiwiteite hiermee vergelyk word is dit verblydend om te sien dat Die Voortrekkers met die aktiwiteite wat ons aanbied reeds meer as 65% van die bates op ‘n natuurlike wyse bevorder. Die 40 bateblokke sou ook maklik onder die tien kodes van Die Voortrekkers gesorteer kan word en spanoffisiere sou met min moeite aan ouers kan toon dat daar ook met hierdie agtergrond aan elke kind se persoonlike bates gebou word.

6.3 Onbetwisbare wette van Spanwerk deur Maxwell

John Maxwell het die boek geskryf “**17 onbetwisbare wette van spanwerk**” (vertaling in Afrikaans). Dit is baie insiggewend hoe baie van die wette op ‘n persoonlike vlak in ‘n span, wat vir ‘n jaar of meer, saam moet werk outomaties gevestig word. Doelwit gedrewenheid, visie, waardetoevoeging deur al die spanlede, samewerking, werk aan mekaar se swakhede, staatmaak op mekaar, gedeelde waardes, leierskap ontwikkeling en so meer word almal in die natuurlike spanomgewing gevestig. Daarom sal ‘n Voortrekker feitlik altyd beter met ‘n nuwe groep kan saamwerk. Die grondbeginsels van Die Voortrekkers het saam met hierdie natuurlike “wette” deel van sy natuurlike menswees geword.

6.4 Persoonlike leierskap deur Covey

Die wyse hoe die lede van ‘n span individueel en as span saam met die spanoffisier die jaar se Voortrekkerwerk aanpak en afhandel is ‘n natuurlike manier hoe Covey se persoonlike leierskapmodel jaarliks beoefen word. Aan die begin van die jaar begin elkeen met ‘n positiewe besluit om met Voortrekker aktiwiteite voort te gaan en sy lewe daaromheen te beplan. Saam met die span ontwikkel daar ‘n spanplan vir die jaar, word prioriteite bepaal en bekom hulle die samewerking van ouers en ander rolspelers. Die spanlede leer om na mekaar te luister, besef dat samewerking as ‘n span beter werk en aan die einde as die jaar se werksaamhede in oënskou geneem word besef elkeen, en die ouers, dat elk tot sy eie vermoë in persoonlike leierskap gegroei het – geestelik, verstandelik, emosioneel en fisies.

6.5 Arbeidsmark verwagtings van nuwe werkers

Uitgebreide navorsing toon dat industrieë die volgende by jong werkers soek: Eerlikheid, integriteit, spanwerk, interpersoonlike vaardighede, gemotiveerdheid, sterk werketiek, analitiese denke, goeie tegnologiese vermoëns, organisatoriese vermoëns en kreatiewe denke.

Dit is juis ook hier waar Voortrekkers in hulle alledaagse aktiwiteite sterk vestiging binne die grondbeginsels van Die Voortrekkers as ‘n goeie bate sal vind. Baie van die kennis en vaardighede wat die jeuglid en jong volwassene opdoen versterk hom/haar juis op ‘n natuurlike wyse op hierdie vlak. Daar is ook juis ‘n aantal spesialisasies vir jeuglede en kursusse vir volwassenes wat hierdie kenmerke ontwikkel.

6.6 Ontwikkelingsuitkomste deur Dept van Onderwys in SA

Die departement het ‘n aantal uitkomste gedefinieer wat by die jeug ontwikkel moet word nl: Organiseer en bestuur hulself en hulle aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend, identifiseer en los probleme op, werk doeltreffend saam in ‘n groep, versamel en ontleed en organiseer inligting krities, begrip ontwikkel vir interafhanklikheid van mekaar, kommunikeer doeltreffend, gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en neem verantwoordelikheid teenoor die omgewing en gesondheid van ander. Dit is ook duidelik in al die aktiwiteite van Die Voortrekkers dat hierdie uitkomste met die aanbied van Graadwielwerk en Spesialisasies ontwikkel word.

6. Slot

Hieruit is dit baie duidelik dat hardwerkende volwassenes en betrokke jeuglede sukses sal beleef as hulle getrou die normale Voortrekkerwerk (loopbaanplan) jaarliks met passie en entoesiasme afhandel